



CHRISTELIKE PRIVAATSKOOL LEIPOLDVILLE

ONS SKOOL ONS TROTS

Hartlik welkom!

Hier volg 'n eerste dag brief vir alle nuwe CPL leerders. Ons is baie opgewonde om jou kind(ers) en jou familie by ons CPL-familie te verwelkom.

INSKRYWINGSVORM:

Inskrywingsvorm word gestuur na cpl@leipoldville.co.za en "cc" elizma@mylan.co.za

EK HET MY KIND INGESKRYF...WAT NOU?

Alle aansoeke word na beheerraad gestuur. Gr 1-7 leerders skryf toelatingstoetse. Juffrou Tammy sal met alle leerders se ouers kontak maak wat ingeskryf het.

'n Faktuur vir inskrywingsfooie gaan ontvang word via epos vanaf tesourier. Alle inskrywingsgelde moet volledig betaal wees voor toelating. Ongelukkig is daar nie 'n afbetalings ooreenkoms wat aangegaan kan word nie.

Sodra inskrywingsfooie betaal is sal daar vanaf Juffrou Tammy en/of die klasopvoeder gekommunikeer word met die ouer(s) oor wanneer die leerder se eerste dag van skool is – dit geskied gewoonlik so gou as moontlik.

DIE EERSTE SKOOLDAG DEUR DIE JAAR VAN 2023:

CPL is in Leipoldville geleë en parking is voor die kerk gebou. Die juffrouens is in die personeelkamer, maar ontvang alle leerders vanaf kwart voor 8 wintersmaande en kwart oor 7 somersmaande. Op die eerste dag is u welkom om die leerder na die juffrou te neem en sy sal jou en jou kind(ers) vergesel na die klaskamer. Vir somersmaande sien onderstaande met "drop en go" reëling met speelskoolmaats.

KLEREDRAG

Skoolklere bestelling vir nuwe skoolklere geskied twee maal per jaar. 'n Bestelvorm word uitgedeel vir bestel van skoolklere.

Leerders vanaf Gr 1-7 wat nuut is en nog nie skoolklere het nie, word toegelaat in hul vorige skool se skoolklere of donker blou broekie/rompie en wit hempie.

Somer skooldrag is verpligtend vir alle leerders vanaf Gr 1-7. Alle skoolklere moet asb duidelik gemerk wees.

- **Seuns:**

Blou skoolbroekie

Skilpad skoolhempie

Skoene: kaalvoet, navy plakkies of tekkies met grys sokkies.

Hare: Netjies, kort gesny.

- **Dogters:**

Blou skoolrompie

Skilpad skoolhempie

Skoene: kaalvoet, navy plakkies of tekkies met wit sokkies.

Hare: alle donkerblou haariteme is toelaatbaar.

VOORSKOOLSE LEERDERS: Ons moedig ook ons speelskoolleerders aan om skoolklere te bestel vir fotodae, konserte ens.

SKOOLTYE VIR SOMER MAANDE (KWARTAAL 1 EN 4)

GRAAD	BEGIN TYD	UITKOM TYD
SPEELSKOOL	08h00	12h00
GR RR	07h30	12h00
GR R	07h30	12h00
GR 1	07h30	12h45
GR 2	07h30	12h45
GR 3	07h30	13h15
GR 4	07h30	13h40
GR 5	07h30	13h40
GR 6	07h30	13h40
GR 7	07h30	13h40

SKOOLTYE VIR WINTER MAANDE (KWARTAAL 2 EN 3)

GRAAD	BEGIN TYD	UITKOM TYD
SPEELSKOOL	08h00	12h00
GR RR	08h00	12h30
GR R	08h00	12h30
GR 1	08h00	13h15
GR 2	08h00	13h15
GR 3	08h00	13h45
GR 4	08h00	14h10
GR 5	08h00	14h10
GR 6	08h00	14h10
GR 7	08h00	14h10

WEEK BRIEWE

Elke week word 'n weekbrief op die skool se Mammagroep geplaas met die komende week se belangrikhede.

DROP AND GO

Gedurende 2021 het ons gebruik gemaak van die “ Drop and Go” metode met die aflaaï soggens van die leerders, ons sal steeds voortgaan met hierdie reëling.

Leerders word vanaf kwart oor 7 soggens “gedrop and go” waarop Juffrouens/Hoofleiers die leerders soggens sal ontvang. Winter maande geskied die tye vanaf kwart voor 8.

Speelskoolleerders wat ouer boeties of sussies het en ook kwart oor 7 soggens afgelaai moet word is welkom om ook daardie tyd te kom en afgelaai word by die “drop and go” – hulle sal wag by Juffrou Marna tot wanneer hul na hul klas verdaag.

BROODJIES & SNOEPIE

Broodjies gaan weer voort in 2023 – vir al die nuwe ouers. Ons het Maandae “toastie” dag, waar leerders broodjies tydens hul happie tyd of pouse sal ontvang, wat die kosblik inpak ‘n bietjie makliker maak. Tannie Lana is ‘n Ouma van een van ons leerders wat die broodjie Maandae doen. Die eerste bestelling sal deurgegee word op die CPL-mammagroep en dan sal Tannie Lana ‘n whatsapp groep stig waarop veranderinge/afwesighede vanaf ouers deurgegee kan word. Broodjies sal vooruitbetaalbaar wees vir die hele kwartaal se bestelling.

Daaglik van Maandae tot Vrydae is daar ook ‘n snoepie beskikbaar by die skool wat Tannie Lana behartig. Die week se spyskaart word op die Mammagroep geplaas.

KLASSE

SPEELSKOOL: Soos 2022 by die skoolhuis

GR RR: Bruin opslaan in Skoolarea (oorkant witklas)

GR R: Bruin opslaan in Skoolarea (oorkant witklas)

GR 1: Hoofskool – regterkantse klas(grootste klas in hoofgebou)

GR 2: Hoofskool – linkerkantse klas(grootste klas in hoofgebou)

GR 3: Wit opslaan klas

GR 4&5: Nuwe klaskamer, by kerk se kombuis

GR 6&7: Groot klas langs kerkkantoor

Rekenaarklas: Klein klassie langs die groot klas by kerkkantoor

VOORSKOOLOOR KLASSE SE SKOOLDAE:

- Speelskool (Gogga’s)

3-4 jarige (2019 gebore): Maandag, Woensdae en Vrydae

2-3 jarige(2020 gebore): Dinsdae en Donderdae

2 jariges (2021 gebore): Dinsdae

- GR RR

3x dae per week: Maandae, Dinsdae en Donderdae of 5x dae per week (Maandae tot Vrydae)

- GR R

5x dae per week (Maandae tot Vrydae)

WIE IS MY KIND SE JUFFROU EN HOE LYK SY?

Op CPL se webtuiste is daar 'n bekendstelling van CPL se opvoeders waarna gekyk kan word.

<https://www.cplleipoldville.com/ons-skool>

Speelskool(Gogga's):	Juffrou Marna van Zyl
GR RR & GR R:	Juffrou Salu-Ann Du Plessis
Gr 1:	Juffrou Nelia Basson
Gr 2:	Juffrou Minette van der Merwe
Gr 3:	Juffrou Tineke Frouws
GR 4&5:	Juffrou Mariska Meyer
Gr 6 & 7:	Juffrou Tammy van Zyl
Gr 4-7 Assistent:	Juffrou Lize-Mari Carstens

WHATSAPP GROEPE

Elke klas het 'n whatsapp groep, indien jy nog nie op daardie groep is nie, skakel asb jou kind se klasonderwyser om jou by te voeg op die groepie. Indien u enige navrae of kommer het, is u welkom om op die groep 'n boodskap te stuur of persoonlik aan u opvoeder, probeer as net om alle boodskappe gedurende die dag te stuur omdat ons ook vir ons Juffrouens die ruskansies in die aande gun. Ons vertrou op u samewerking.

CPL Mamma groep: Daar word gedurig belangrike inligting op CPL se Mamma whatsapp groep geplaas, moet asb nie die groepie verlaat nie. Lees asb duidelik die boodskappe om misverstande te voorkom. Indien enige ouer nie op die CPL Mamma groep is nie, kontak asb vir Elizma by 083 228 8508.

FINANSIES:

Elizma Engelbrecht is die skool se tesourier en hanteer alle finansies. Skoolfondsrekening word kwartaalliks uitgestuur via epos. CPL verkies dat skoolfonds elektronies oorbetal word maar indien u kontant verkies kan Juffrou Marna van Zyl gekontak word – kontant betalings moet self deur ouer vir haar gegee word en nie by die klasopvoeder nie.

Hoe werk die skoolrekening?

CPL stuur kwartaalliks 'n faktuur met 'n staat.

Skoolfondsrekening bestaan uit 'n Faktuur&Staat, op die faktuur is skoolfonds vir die hele kwartaal geboek, u is welkom om die hele staat deur 3 maande te verdeel en skoolfonds sodoende maandeliks te betaal of die ander opsie is om die volledige staat vir die kwartaal te betaal.

Betalingsterme is soos volg:

Indien u kwartaalliks betaal-betaal asb die volledige bedrag op die staat 7dae na ontvangs.
Indien u maandeliks betaal, verdeel asb die staat bedrag deur 3 maande en betaal asb elke maand se bedrag voor/op 7de van die maand. Indien u Maand 1 van die kwartaal se faktuur eers na die 7de van die maand ontvang het, moet die faktuur asb 7dae na ontvangs betaal word.

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

- Landoop/Kondisioeneringsoefeninge aangebied deur CPL Opvoeders(Dinsdae en Donderdae) in Somermaande
- Rugby en Netbal word aangebied Wintersmaande op 'n Dinsdae en Donderdae.
- Jeanette Fox bied op Vrydae Young Engineers aan 078 318 0615

CPL bied tans die bogenoemde buitemuurse aktiwiteite, kontak asb die koördineers indien u belangstel. Vir meestal buitemuurse aktiwiteite is daar 'n whatsapp groep, maak asb seker dat u op die whatsapp is as u kind(ers) deelneem.

EISTEDDFOD

Eisteddfod briefies sal vir betrokke leerders uitgedeel word, vul die briefie in en stuur terug skool toe. Indien enige ander leerders graag ook wil deelneem aan Eisteddfod, kontak asb vir Juffrou Mariska.

SKRYFBEHOEFTE

Alle skryfbehoeftes en skoolbenodighede moet asb klaar gemerk wees en saam gestuur word Woensdag wanneer skole open.

VAKANSIES:

CPL se kalender is saam met die departementele kalender, dus sluit die hele skool vir vakansies, insluitend die speelskool leerders.

FONDSINSAMELINGSLYS

Elke jaar word daar 'n fondsinsamelingslys uitgestuur. Die lys word via epos aan ouers gestuur. Ons is 'n klein skooltjie en ouers betrokkenheid is vir ons baie belangrik.

Moenie huiwer om my te kontak indien daar enige onduidelikhede is nie.

Baie sterkte vir die komende skooljaar.
Skoolgroete,
CPL Personeel en Beheerraad

Ons Doen-lysie.

- ✓ Skoollere is skoon en gereed.
- ✓ Skoolskoene & sokkies is gereed.
- ✓ Skryfbehoeftes en klere is duidelik gemerk.
- ✓ Tas is gepak en duidelik gemerk.
- ✓ Kontroleer skryfbehoeftes en maak potlode skerp.
- ✓ Kosblik is gepak en waterbottel is ingepak. (Onthou om ook te merk)
- ✓ Bespreek die oggendroetine, bv. staan op, trek aan, eef ontbyt, borsel tande, pak kosblik en waterbottel, ens.



Belangrik...

- ✓ U kind moet sy/haar oggend-roetine ken.
- ✓ Skep 'n rustige atmosfeer.
- ✓ Maak seker dat die huiswerkboek elke dag gekontroleer en geteken word.
- ✓ Dit is belangrik dat 'n huiswerk-hoekie ingerig word vir U kind en dat daar 'n vasgestelde tyd is wanneer huiswerk gedoen word.
- ✓ Leer jou kind van die begin af dat huiswerk sy/haar verantwoordelikheid is.
- ✓ Waf is die middag-roetine? Waar word die tas/kosblik neergesit en hoe word skoollere gebêre - veral daardie skoolskoene/sokkies?
- ✓ Kontroleer skryfbehoeftes daaglik en maak voorsiening vir ekstra potlode tuis.

Christelike Privaatskool Leipoldville

Jaarprogram 2023

Aktiwiteit	Datum	Lokaal / plek
KWARTAAL 1		
Skole open vir opvoeders	16 Jan 2023	
Skole open vir leerders Saalbyeenkoms	18 Jan 2023 om 08:00	CPL Kerksaal NG Kerk Leipoldville
SBL vergadering	19 Jan 2023	Spioenkop Plaas
Atletiekbyeenkoms	28 Jan 2023	
Sluitingsdatum Affiliasie WBE		
CPL Valentynsdans	25 Feb 2023	Sir Lambert Landgoed
CPL Algemene jaarvergadering	1 Mrt 2023	Kerksaal NG Kerk Leipoldville
Pomario Mini-Krieket dag	11 Mrt 2023	
Skolevakansiedag	20 Mrt 2023	
Menseregtedag	21 Mrt 2023	
SBL vergadering	29 Mrt 2023	
Skool sluit	30 Mrt 2023	
KWARTAAL 2		
Skole open vir opvoeders en leerders	12 April 2023	
SBL vergadering	13 April 2022	Spioenkop Plaas
CPM Sportdag	15 April 2023 (tentatief)	Malmesbury
Sluitingsdatum vir alle afdelings WBE		
Vryheidsdag	27 April 2023	
Skole vakansiedag	28 April 2023	
Werkersdag	1 Mei 2023	
Eisteddfod Olifantsvallei		Citrusdal
Skietag	Mei.....	
Topolino wintersportdag	27 Mei 2023 (tentatief)	Hoërskool Hopefield
Jeugdag	16 Junie 2023	
SBL vergadering	21 Junie 2023	
Skool sluit	22 Junie 2023	

KWARTAAL 3		
Skole open	18 Julie 2023	
SBL vergadering	19 Julie 2023	Spioenkop Plaas
Klawerkunste	... Julie 2023	LS Klawer
Voordrag Graad R WBE	... Augustus 2023	Darling LS
Pomario Sportdag	5 Augustus 2022	Citrusdal
NG Kerk Kuierfees	12 Augustus	NG Kerk Leipoldville
Vrouedag	09 Augustus 2023	
Voordrag Graad 6-7 WBE	... Augustus 2023	LS Vredenburg
Voordrag Graad 1-3 WBE	... Augustus 2023	LS Vredenburg
Voordrag Graad 4-5 WBE	... Augustus 2023	Hopefield
Nouveau Kollege Sportdag	26 Augustus 2023 (tentatief)	Vredendal
Sluitingsdatums vir kunsinskrywings WBE	... Augustus 2023	Topolino Privaatskool
Oupa en Ouma dag	1 September 2023	Leipoldville
Affiplaas dans	2 September 2023	Sir Lambert Lambertsbaai/Plaas
Erfenisdag	24 September 2023	
SBL vergadering	27 September 2023	Spioenkop Plaas
Skool sluit	28 September 2023	
KWARTAAL 4		
Skole open	10 Oktober 2023	
SKIETDAG	OKT/Mei	
SBL vergadering	17 Oktober 2023	Spioenkop Plaas
CPL Begroting besigtiging by skool	23-27 Oktober 2023	Kerksaal NG Kerk Leipoldville

Konsert Kleed Rep	25 Oktober 2023	Kerksaal NG Kerk Leipoldtville
Konsert	26 Oktober 2023	Kerksaal NG Kerk Leipoldtville
Prysuitdeling en skool sluit vir leerders	5 Desember 2023	Kerksaal NG Kerk Leipoldtville
SBL vergadering	04 Desember 2023	Spioenkop Plaas
CPL Groentemark	22 Desember 2023	Lambertsbaai mediese sentrum